

Leef uit jou Doop: 5.3 Die kinderdoop in die Bybel

Leef uit jou Doop: 5.3 Die kinderdoop in die Bybel – Adrio König

5.3 Die kinderdoop in die Bybel?

5.3.1 Daar is meer wat nie “in die Bybel” is nie

Dit is 'n ernstige saak. Die kinderdoop is nie in die Bybel nie – as 'n mens daarmee bedoel dat dit nie direk, duidelik daar staan nie. Hoe kan die meerderheid van die Christendom dan so lank met 'n praktyk aanhou wat nie in die Bybel staan nie? Want dit is duidelik dat daar geen direkte verwysing in die Nuwe Testament is na kindertjies wat gedoop is of 'n opdrag om kindertjies te doop nie.

Maar is die saak regtig daarmee afgehandel? Is daar nie 'n hele paar dinge wat na aan ons harte lê wat ook nie in die Bybel voorkom nie?

- Daar is die vraag of vroue mag nagmaal gebruik. Dit staan nêrens in die Bybel nie. Daar is ook nie 'n voorbeeld van een wat dit wel doen nie.
- Is daar iewers 'n voorbeeld van 'n vrou wat hemel toe gaan?
- Daar is geen opdrag om nie meer die Sabbat op Saterdag te vier nie. Daar staan trouens dat dit 'n ewige gebod is.
- Daar staan niks direk oor die Drie-eenheid in die Bybel nie.

Die Pinksterkerke en die Charismatiese beweging het egter geen probleme om saam met ons vroue toe te laat tot die nagmaal nie, om te glo dat vroue ook hemel toe kan gaan, om Sondag kerk te hou, en om in God Drie-enig te glo nie. Hierdie kerke is dus bereid, trouens selfs gretig:

- om 'n saak grondig te ondersoek al staan dit nie direk in die Bybel nie,
- om bepaalde dinge met mekaar in verband te bring,
- om gevolgtrekkings daaruit te maak,
- en om die resultaat as deel van hulle geloof te aanvaar.

Moet hulle dan nie óók bereid wees om na die kinderdoop te kyk en na te gaan of dit wel in terme van Bybelse gegewens verantwoord kan word nie?

5.3.2 Ruimte vir die kinderdoop?

Is daar nie sekere gegewens wat minstens ruimte vir die kinderdoop skep nie?

Eerstens het ons na die betekenis van die doop gekyk en duidelik gesien dit is God wat in die doop werk (hoofstuk 2, veral 2.8). Die mens is wel “rondom” die doop aktief deur te glo en te vra om gedoop te word, maar in die doop self is dit net God wat aktief is terwyl die mens passief is. Dit staan wel nêrens uitdruklik net so in die Bybel nie, maar die betekenis het ons gelei om dit af te lei. Immers die betekenis wys na God as die Gewer. *Hy* verenig ons met Christus, ons kan nie self nie; *Hy* vergeef ons sonde, ons kan nie self nie, en so kan ons aangaan met die een betekenis na die ander.


As *God* die een is wat sy gawes in die doop aan ons gee, kan *Hy* seker ook vir 'n baba gee as *Hy* wil.

Dis nog geen “bewys” vir die kinderdoop nie. Maar dit skep tog die ruimte dat die kinderdoop nie in beginsel onmoontlik is nie. As dit in die doop om die *mens* se aktiwiteit gegaan het, was die kinderdoop in beginsel uitgesluit.

Tweedens het ons gekyk na die interessante gebruik van die apostels om gou te doop, eintlik dadelik, en dat die dooponderrig eers agterna in die Briewe gegee is aan die mense in die gemeente; dus mense wat klaar gedoop is (3.4). Dit beteken in beginsel dat ook babas eers gedoop kan word en dan agterna die dooponderrig kan ontvang. As dooponderrig vóór die doop noodsaaklik was, was die kinderdoop in beginsel uitgesluit.

Derdens het ons gesien dat die groot saak van die doop die nuwe lewe is, die lewe onder beheer van die Gees, die lewe waarin ons aan Jesus se opstandingslewe deelneem omdat ons in die doop saam met Hom aan die kruis was en saam uit die graf gekom het. Ons het gesien dat die Briewe omtrent geen aandag gee aan wat vóór die doop gebeur het nie, maar alle aandag aan dit wat ná die doop moet gebeur (Rom 6; Kol 1-4). Dit hou in beginsel die deur vir die kinderdoop oop omdat babas wat gedoop is, ook hulle lewe voor hulle het om dit aan God te wy.

Hiermee is daar nog geen positiewe getuienis vir die kinderdoop op die tafel nie, maar is daar aanduidings in gegewens rondom die doop dat die kinderdoop nie in beginsel uitgesluit is nie.



Mens wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike doop. Leef uit jou Doop (2011) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die doop.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)